

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Kyriacou (535/2000) [2001] ZASCA 1 (15 January 2001)

[2001] ZASCA 1

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Vivier, Olivier, Streicher

CASE / FILE NUMBER

535/2000

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL

VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer : 535/2000

In die saak tussen :

SAVVAS IANNOU KYRIACOU Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM : VIVIER, OLIVIER en STREICHER ARR

DATUM : 15 JANUARIE 2001

GELEWER : 15 JANUARIE 2001

TRANSKRIPSIE VAN REDES MONDELING GELEWER IN DIE OPE HOF OP 15 JANUARIE 2001
DEUR VIVIER AR WAARMEE OLIVIER AR EN STREICHER AR SAAMGESTEM HET.

VIVIER AR/

VIVIER AR : Hierdie is ‘n appèl, met verlof van die Hof a quo, teen die intrekking van die appellant se borgtog ingevolge art 68 van die Strafproseswet 51 van 1977, soos gewysig (“die Wet”). Die appèl is buite die hoftermyn as ‘n saak van dringendheid aangehoor. Die appellant is op 28 September 1999 op aanklagte van diefstal gearresteer en is dieselfde dag op borgtog van R100 000 onderworpe aan sekere voorwaardes vrygelaat. Op 24 Julie 2000 het hy voor Lombard R in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling op 102 aanklagte van diefstal waarby ‘n bedrag van

ongeveer R4,5m betrokke was, verskyn. Op 30 Augustus 2000, gedurende die verhoor, het die Staat ingevolge art 68 van die Wet aansoek gedoen dat die borgtog ingetrek word. Na aanhoor van getuienis het die Hof a quo ingevolge art 68(1)(g) van die Wet bevind dat dit in die belang van geregtigheid is dat die borgtog ingetrek word. 'n Bevel is gevolglik gemaak dat die borgtog ingetrek word en dat die appellant tot die beëindiging van die verhoor aangehou word. In hierdie Hof is namens die Staat betoog, met 'n beroep op S v Mohamed 1977 (2) SA 531 (A) op 541 A, dat 'n weiering of intrekking van borgtog deur die Hoërhof as hof van eerste instansie nie appelleerbaar is nie. In die Mohamed-saak het Trollip AR die aard van borgverrigtinge ingevolge art 97 van die vorige Strafproseswet 56 van 1955, die voorganger van die huidige art 65, as volg beskryf (op 539H-540A) "[The] proceedings under sec. 97 of the Code originate in and are closely associated with the accused's arrest, detention and prosecution for a criminal offence. Hence, although they are civil in form, they are criminal in substance, and must be so regarded for the purposes of the relevant sections of the Supreme Court Act." Met verwysing na art 21(1) van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959, waarvolgens hierdie Hof regsbevoeg is om, behoudens die bepalings van die artikel en enige ander wetsbepaling, "n appèl teen enige beslissing van die hof van provinsiale of plaaslike afdeling te verhoor en te beslis" sê Trollip AR dat daar so 'n beperking op appèle in strafsake in art 362 (2) van die vorige Strafproseswet, wat die voorganger is van die huidige art 315(4), te vind is, maar dat ten opsigte van appèle in borgverrigtinge, die beperking slegs geld waar die Hoërhof die hof van eerste instansie was (op 541A). Die Hof a quo het, sonder verwysing na die Mohamed-saak, en met 'n beroep op S v Pienaar 1992 (1) SASV 178 (W); S v Maki en Andere 1994 (2) SASV 630 (O) en S v Ndjadayi 1995

- (2) SASV 583 (E) bevind dat borgverrigtinge 'n siviele saak en nie 'n strafsak is nie en dat, met die nodige verlof, 'n reg van appèl van 'n beslissing van 'n Hoërhof as hof van eerste instansie wel bestaan. Die vraag of borgverrigtinge 'n siviele aangeleentheid is, is deur hierdie Hof oopgelaat in S v Ramokhosi 1999
- (1) SASV 497 (SCA) op 500f-g. Namens die appellant is betoog dat in die omstandighede van die huidige saak 'n reg van appèl ook bestaan uit hoofde van art 35(3)(o) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 wat bepaal dat elke beskuldigde persoon 'n reg op 'n billike verhoor het, waarby inbegrepe is "die

reg op appèl na, of hersiening deur, 'n hoër hof." In die huidige saak is dit nie nodig om te beslis of borgverrigtinge in die lig van die Grondwet nou as 'n siviele aangeleentheid beskou moet word en dus nie onderhewig is aan die beperking op appèle in strafsake bevat in art 315(4) van die Wet nie. Dit is ook nie nodig om te beslis wat die effek van art 35(3)(o) van die Grondwet is nie. Ek sal veronderstel, sonder om te beslis, dat die bevel van die Hof a quo wel appelleerbaar is. Die appellant is 'n 56-jarige sakeman en handelaar van Bloemfontein wat volgens sy eie getuienis die eienaar is van 10 sakeondernemings en 35 eiendomme in die stad en omgewing. Hy bedryf onder andere algemene handelaarsbesighede by verskeie winkels en pakhuise. Die strafsak teen hom het gespruit uit 'n groot aantal voorvalle van gewapende roof, diefstal van goedere in transito, diefstalle en huisbrake wat in Bloemfontein en elders in die land in die tydperk vanaf Januarie 1996 plaasgevind het. Die staatsak was nie dat die appellant self betrokke was by hierdie

voorvalle nie, maar dat massiewe voorrade van die aldus gesteelde goedere deur hom onwettig verkry is en in sy pakhuis en winkels in Bloemfontein en omgewing beland het. Die aansoek om intrekking van die appellant se borgtog was hoofsaaklik daarop gegrond dat hy met misdadige optrede voortgegaan het selfs nadat die polisie-ondersoek begin het en selfs nadat hy op 28 September 1999 op borg vrygelaat is. Die ondersoekbeampte, kaptein Van Wyk, het getuig dat 'n jaar nadat die polisie-ondersoek op 9 Februarie 1998 begin het, die polisie op 5 Februarie 1999 by een van die appellant se besighede, Modern House Furnishers, beslag gelê het op goedere wat in Januarie 1999 gesteel is. Verder was daar nadat die appellant op borgtog vrygelaat is, 'n inbraak en diefstal by die appellant se pakhuis by Bastionstraat in Bloemfontein. Onder die gesteelde goedere was klere wat weer geblyk het voorheen by Edgars gesteel was. Die appellant wou nie 'n klagte van diefstal lê nie. Op 28 Julie 2000 het die polisie op vermoedelik gesteelde goedere ter waarde van R300 000 beslag gelê by die appellant se winkel, Viva Cash & Carry in Botshabelo ("die Viva-ondersoek"). Verdere ondersoek het getoon dat hierdie goedere gesteel is deur twee ondernemings wat aan die Rand opereer, Buy & Save en Haul Bulk, en dat sommige van die goedere slegs die vorige maand gesteel is. Soos deurgaans voorheen, was die appellant se verduideliking dat hy die goedere gekoop het. Volgens Van Wyk was 'n hele aantal van die eienaars van hierdie goedere reeds geïdentifiseer. Van Wyk het verder getuig dat hy rede het om te vermoed dat 'n verdere R700 000 se goedere wat deur Buy and Save en Haul Bulk gesteel is, in pakhuis van die appellant geberg is. Die appellant is op die aanklagte van diefstal wat spruit uit die Viva-ondersoek op 28 Julie 2000 gearresteer en is steeds op hierdie aanklagte in aanhouding. Die appellant het in sy getuienis gesê dat hy die goedere waarop beslag gelê is in die Viva-ondersoek van 'n

verteenwoordiger van Buy & Save gekoop het. Hy het die persoon geken en het nie vermoed dat dit gesteelde goedere was nie. Hyself dryf handel in groot voorrade handelsware en koop daaglikse vragmotors vol goedere, die waarde waarvan miljoene rande per maand beloop. Met 'n beroep op regsadvies was hy nie bereid om verdere vrae te beantwoord oor die goedere waarop in die Viva-ondersoek beslag gelê is nie. Die appellant het nie die persoon se naam genoem van wie hy die goedere gekoop het nie, hy het nie gesê wanneer of waar of teen welke prys of onder welke omstandighede hy die goedere gekoop het nie. Hy het dus geen besonderhede verskaf van die aankoop of aankope nie en het gevolglik versuim om voldoende rekenskap te gee van sy besit van goedere, ten opsigte waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit gesteelde goedere is. Daar is dus aanvaarbare getuienis dat hy hom aan 'n oortreding van art 36 van Wet 65 van 1955 skuldig gemaak het. (Sien *S v Osman and Another v Attorney-General*, Transvaal 1998(4) SA 1224(CC).) Die appellant het wel getuig oor 'n ander voorval toe 'n man met 'n vrag skoene afkomstig van Edgars by hom opgedaag het en dit aan hom teen R35 per paar instelle van die werklike prys van R165 per paar wou verkoop. Hy het met die polisie in verbinding getree van wie hy die versekering gekry het dat die transaksie in orde is. Teen R35 per paar was die koopprys

wat hy moes betaal ongeveer R27 000, maar die verkoper was tevrede om 'n vrag wasgoedpennetjies as betaling te ontvang. Die appellant het getuig dat hy oor dokumentêre bewys van die skoentransaksie beskik. Volgens die appellant se eie getuienis is hy 'n persoon wat daaglikse groot handelsvoorrade op informele en onkonvensionele wyse aankoop. In die

omstandighede sou mens des te meer van die appellant verwag dat hy op bewyse van die bron van die goedere en die verkoper se reg om te verkoop sou aandring en in staat sou wees om voldoende rekenskap te gee vir sy besit van die gesteelde goedere betrokke by die Viva-onderzoek. Soos ek reeds daarop gewys het, was hy nie in staat om dit te doen nie. Die Hof a quo het bevind dat daar aanvaarbare getuienis is dat die appellant sy misdadige optrede voortgesit het nadat hy op 28 September 1999 op borgtog vrygelaat is. Dit is duidelik uit die uitspraak dat hierdie die belangrikste faktor was wat die Hof a quo teen die appellant in ag geneem het in sy gevolgtrekking dat dit in belang van geregtigheid was om die appellant se borgtog in te trek. Die Hof a quo was klaarblyklik geregtig om hierdie faktor teen die appellant in ag te neem. Die uitdrukking “die belang van geregtigheid”

word meermale in die borgbepalings van die Wet gebruik, sien subartikels (1), (4), (9), (10), (11) en (12) van art 60 wat met die toestaan van borgtog handel. In die konteks waarin dit in art 68 gebruik word, behels dit ‘n waarde-oordeel van wat reg en billik is vir al die betrokkenes na ‘n opweging van alle relevante faktore ten gunste van en teen die intrekking van borgtog (vgl S v Dlamini S v Dladla and Others; S v Joubert; S v Schietekat

[1999] ZACC 8; 1999 (4) SA 623 (CC) op 655E-658A). Na my mening het die Hof a quo alle relevante faktore vir en teen die intrekking van borgtog behoorlik oorweeg en ek is nie daarvan oortuig dat sy beslissing verkeerd is nie. Die appèl word afgewys. W VIVIER AR

VIVIER AR :

Hierdie is ‘n appèl, met verlof van die Hof a quo, teen die intrekking van die appellant se borgtog ingevolge art 68 van die Strafproseswet 51 van 1977, soos gewysig (“die Wet”). Die appèl is buite die hoftermyn as ‘n saak van dringendheid aangehoor.

Die appellant is op 28 September 1999 op aanklagte van diefstal gearresteer en is dieselfde dag op borgtog van R100 000 onderworpe aan sekere voorwaardes vrygelaat. Op 24 Julie 2000 het hy voor Lombard R in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling op 102 aanklagte van diefstal waarby ‘n bedrag van ongeveer R4,5m betrokke was, verskyn. Op 30 Augustus 2000, gedurende die verhoor, het die Staat ingevolge art 68 van die Wet aansoek gedoen dat die borgtog ingetrek word. Na aanhoor van getuienis het die Hof a quo ingevolge art 68(1)(g) van die Wet bevind dat dit in die belang van geregtigheid is dat die borgtog ingetrek word. ‘n Bevel is gevolglik gemaak dat die borgtog ingetrek word en dat die appellant tot die beëindiging van die verhoor aangehou word.

In hierdie Hof is namens die Staat betoog, met ‘n beroep op S v Mohamed 1977 (2) SA 531 (A) op 541 A, dat ‘n weiering of intrekking van borgtog deur die Hoërhof as hof van eerste instansie nie appelleerbaar is nie. In die Mohamed-saak het Trollip AR die aard van borgverrigtinge ingevolge art 97 van die vorige Strafproseswet 56 van 1955, die voorganger van die huidige art 65, as volg beskryf (op 539H-540A)

“[The] proceedings under sec. 97 of the Code originate in and are closely associated with the accused’s arrest, detention and prosecution for a criminal offence. Hence, although they are civil in form, they are criminal in substance, and must be so regarded for the purposes of the relevant sections of the Supreme Court Act.”

Met verwysing na art 21(1) van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959, waarvolgens hierdie Hof regsbevoeg is om, behoudens die bepalings van die artikel en enige ander wetsbepaling,

“n appèl teen enige beslissing van die hof van provinsiale of plaaslike afdeling te verhoor en te beslis”

sê Trollip AR dat daar so ‘n beperking op appelle in strafsake in art 362 (2) van die vorige Strafproseswet, wat die voorganger is van die huidige art 315(4), te vind is, maar dat ten opsigte van appelle in borgverrigtinge, die beperking slegs geld waar die Hoërhof die hof van eerste instansie was (op 541A).

Die Hof a quo het, sonder verwysing na die Mohamed-saak, en met ‘n beroep op S v Pienaar 1992 (1) SASV 178 (W); S v Maki en Andere 1994 (2) SASV 630 (O) en S v Ndjadayi 1995

(2) SASV 583 (E) bevind dat borgverrigtinge ‘n siviele saak en nie ‘n strafsak is nie en dat, met die nodige verloop, ‘n reg van appèl van ‘n beslissing van ‘n Hoërhof as hof van eerste instansie wel bestaan. Die vraag of borgverrigtinge ‘n siviele aangeleentheid is, is deur hierdie Hof oopgelaat in S v Ramokhosi 1999

(1) SASV 497 (SCA) op 500f-g.

Namens die appellant is betoog dat in die omstandighede van die huidige

saak ‘n reg van appèl ook bestaan uit hoofde van art 35(3)(o) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 wat bepaal dat elke beskuldigde persoon ‘n reg op ‘n billike verhoor het, waarby inbegrepe is “die

reg op appèl na, of hersiening deur, ‘n hoër hof.”

In die huidige saak is dit nie nodig om te beslis of borgverrigtinge in die lig van die Grondwet nou as ‘n siviele aangeleentheid beskou moet word en dus nie onderhewig is aan die beperking op appelle in strafsake bevat in art 315(4) van die Wet nie. Dit is ook nie nodig om te beslis wat die effek van art 35(3)(o) van die Grondwet is nie. Ek sal veronderstel, sonder om te beslis, dat die bevel van die Hof a quo wel appelleerbaar is.

Die appellant is ‘n 56-jarige sakeman en handelaar van Bloemfontein wat volgens sy eie getuienis die eienaar is van 10 sakeondernemings en 35 eiendomme in die stad en omgewing. Hy bedryf onder andere algemene handelaarsbesighede by verskeie winkels en pakhuse.

Die strafsak teen hom het gespruit uit 'n groot aantal voorvalle van gewapende roof, diefstal van goedere in transito, diefstalle en huisbrake wat in Bloemfontein en elders in die land in die tydperk vanaf Januarie 1996 plaasgevind het. Die staatsak was nie dat die appellant self betrokke was by hierdie voorvalle nie, maar dat massiewe voorrade van die aldus gesteelde goedere deur hom onwettig verkry is en in sy pakhuse en winkels in Bloemfontein en omgewing beland het.

Die aansoek om intrekking van die appellant se borgtog was hoofsaaklik daarop gegrond dat hy met misdadige optrede voortgegaan het selfs nadat die polisie-ondersoek begin het en selfs nadat hy op 28 September 1999 op borg vrygelaat is. Die ondersoekbeampte, kaptein Van Wyk, het getuig dat 'n jaar nadat die polisie-ondersoek op 9 Februarie 1998 begin het, die polisie op 5 Februarie 1999 by een van die appellant se besighede, Modern House Furnishers, beslag gelê het op goedere wat in Januarie 1999 gesteel is. Verder was daar nadat die appellant op borgtog vrygelaat is, 'n inbraak en diefstal by die appellant se pakhuis by Bastionstraat in Bloemfontein. Onder die gesteelde goedere was klere wat weer geblyk het voorheen by Edgars gesteel was. Die appellant wou nie 'n klagte van diefstal lê nie. Op 28 Julie 2000 het die polisie op vermoedelik gesteelde goedere ter waarde van R300 000 beslag gelê by die appellant se winkel, Viva Cash & Carry in Botshabelo ("die Viva-ondersoek"). Verdere ondersoek het getoon dat hierdie goedere gesteel is deur twee ondernemings wat aan die Rand opereer, Buy & Save en Haul Bulk, en dat sommige van die goedere slegs die vorige maand gesteel is. Soos deurgaans voorheen, was die appellant se verduideliking dat hy die goedere gekoop het. Volgens Van Wyk was 'n hele aantal van die eienaars van hierdie goedere reeds geïdentifiseer. Van Wyk het verder getuig dat hy rede het om te vermoed dat 'n verdere R700 000 se goedere wat deur Buy and Save en Haul Bulk gesteel is, in pakhuse van die appellant geberg is.

Die appellant is op die aanklagte van diefstal wat spruit uit die Viva-ondersoek op 28 Julie 2000 gearresteer en is steeds op hierdie aanklagte in aanhouding.

Die appellant het in sy getuienis gesê dat hy die goedere waarop beslag gelê is in die Viva-ondersoek van 'n

verteenwoordiger van Buy & Save gekoop het. Hy het die persoon geken en het nie vermoed dat dit gesteelde goedere was nie. Hyself dryf handel in groot voorrade handelsware en koop daaglikse vragmotors vol goedere, die waarde waarvan miljoene rande per maand beloop. Met 'n beroep op regsadvies was hy nie bereid om verdere vrae te beantwoord oor die goedere waarop in die Viva-ondersoek beslag gelê is nie. Die appellant het nie die persoon se naam genoem van wie hy die goedere gekoop het nie, hy het nie gesê wanneer of waar of teen welke prys of onder welke omstandighede hy die goedere gekoop het nie. Hy het dus geen besonderhede verskaf van die aankoop of aankope nie en het gevolglik versuim om voldoende rekenskap te gee van sy besit van goedere, ten opsigte waarvan daar redelike verdenking bestaan dat dit gesteelde goedere is. Daar is dus aanvaarbare getuienis dat hy hom aan 'n oortreding van art 36 van Wet 65 van 1955 skuldig gemaak het.

(Sien *S v Osman and Another v Attorney-General*, Transvaal 1998(4) SA 1224(CC).)

Die appellant het wel getuig oor 'n ander voorval toe 'n man met 'n vrag skoene afkomstig van Edgars by hom opgedaag het en dit aan hom teen R35 per paar instelle van die werklike prys van R165 per paar wou verkoop. Hy het met die polisie in verbinding getree van wie hy die versekering gekry het dat die transaksie in orde is. Teen R35 per paar was die koopprys

wat hy moes betaal ongeveer R27 000, maar die verkoper was tevrede om 'n vrag wasgoedpennetjies as betaling te ontvang. Die appellant het getuig dat hy oor dokumentêre bewys van die skoentransaksie beskik. Volgens die appellant se eie getuigenis is hy 'n persoon wat daaglik groot handelsvoorrade op informele en onkonvensionele wyse aankoop. In die omstandighede sou mens des te meer van die appellant verwag dat hy op bewyse van die bron van die goedere en die verkoper se reg om te verkoop sou aandring en in staat sou wees om voldoende rekenskap te gee vir sy besit van die gesteelde goedere betrokke by die Viva-ondersoek. Soos ek reeds daarop gewys het, was hy nie in staat om dit te doen nie.

Die Hof a quo het bevind dat daar aanvaarbare getuigenis is dat die appellant sy misdadige optrede voortgesit het nadat hy op 28 September 1999 op borgtog vrygelaat is. Dit is duidelik uit die uitspraak dat hierdie die belangrikste faktor was wat die Hof a quo teen die appellant in ag geneem het in sy gevolgtrekking dat dit in belang van geregtigheid was om die appellant se borgtog in te trek. Die Hof a quo was klaarblyklik geregtig om hierdie faktor teen die appellant in ag te neem. Die uitdrukking “die belang van geregtigheid”

word meermale in die borgbepalings van die Wet gebruik, sien subartikels (1), (4), (9), (10), (11) en (12) van art 60 wat met die toestaan van borgtog handel. In die konteks waarin dit in art 68 gebruik word, behels dit 'n waarde-oordeel van wat reg en billik is vir al die betrokkenes na 'n opweging van alle relevante faktore ten gunste van en teen die intrekking van borgtog (vgl S v Dlamini S v Dladla and Others; S v Joubert; S v Schietekat

[1999] ZACC 8; 1999 (4) SA 623 (CC) op 655E-658A).

Na my mening het die Hof a quo alle relevante faktore vir en teen die intrekking van borgtog behoorlik oorweeg en ek is nie daarvan oortuig dat sy beslissing verkeerd is nie.

Die appèl word afgewys.

W VIVIER AR

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/2001/1.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-kyriacou-unknown-topic-asca-2001>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria